## VAN DIE REDAKSIE

## DIE VAN RIEBEECKHUIS — CULEMBORG

Die redaksie van *Historia* vereenselwig hom graag met die onderstaande oproep wat van die Streekkomitee vir Transvaal en Natal van die Van Riebeeckhuis in Culemborg ontvang is. Inderdaad kan die Van Riebeeckhuis in Culemborg beskou word as ons oudste kultuurhistoriese monument en daarom rus daar 'n plig op Suid-Afrika om die ontbrekende R20,000 in te samel wat nodig is om die gebou te herstel, veral as in gedagte gehou word dat instansies buite Suid-Afrika reeds onderneem het om R48,000 tot die beraamde koste vir die herstel van die gebou by te dra. Die redaksie twyfel daar nie aan nie dat takke en afdelings van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika sowel as skole en ander goedgesinde organisasies wat van hierdie oproep verneem, bereidwillig 'n bydrae vir hierdie doel sal wil afsonder.

„Daar rus 'n ereskuld op Suid-Afrika en op elke Suid-Afrikaner om daarvoor te sorg dat ons oudste kultuurhistoriese monument in Nederland, die Van Riebeeckhuis in Culemborg, gerestoureer kan word. Hierdie huis verkeer tans in 'n verwaarloosde en vervalle toestand.

Gelukkig bestaan daar planne wat reeds ver gevorder is om in dade omgesit te word. Die eerste hulp het uit ons ou stamland — Nederland — gekom, waar die ondernemende en geesdriftige stadsraad van Culemborg die voortou geneem het. „De Fonteyn", die historiese woonhuis wat deur Van Riebeeck se voorouers bewoon is en waar hy dikwels self tuisgegaan het, is deur die stadsraad aangekoop.

Die totale koste word geskat op ongeveer R68,000. Dit was verblydend om te verneem dat die Nederlandse Regering en die Provinsiale Raad van Gelderland ongeveer R30,000 toegesê het, terwyl die N.Z.A.S.M. R6,000 gewaarborg het. Uit ander lande in Europa is R12,000 toegesê, terwyl die hoop uitgespreek is dat in ons land R20,000 ingesamel sal word.

Vanselfsprekend het Nederland nou die oë op Suid-Afrika gerig. Waar hulle die voortou geneem het om 'n vervalle woning te red waaraan soveel historiese bande met Van Riebeeck se voorgeslag en met Jan van Riebeeck self en 'n aantal van sy familielede verbind is, rus daar op ons in Suid-Afrika 'n ereskuld.

Hierdie ereskuld bestaan daarin dat ons met verenigde kragte moet sorg dat die vereiste R20,000 binne afsienbare tyd in ons land ingesamel word.

Ons as Suid-Afrikaners het 'n verpligting teenoor „De Fonteyn", 'n woning ryk aan geskiedenis wat ons ten nouste raak, 'n voorpos van Suid-Afrika in die verre noorde, 'n verwaarloosde woning wat — deur

verenigde kragte — binne afsienbare tyd in 'n nuwe vorm verjong maar getrou an sy ou voorkoms moet herrys!

Die gedagte bestaan in Nederland dat dit 'n soort Suid-Afrikahuis in Culemborg moet word, waar al die besoekers kan tuisgaan en gedurig sal herinner word aan ons eerste Kommandeur, aan ons oudste geskiedenis, aan die wordingsjare van 'n klein nedersetting, waaruit na drie eeue die Republiek van Suid-Afrika voortgekom het! Hoeveel lande is daar in die wêreld wat so 'n huis in hul ou stigtersland kan aanwys?

Laat hierdie besonderhede voldoende wees om ons aan te spoor om, getrou aan die slagspreuk van ons vaders — soos verewig in ons land se wapen — Eendrag maak mag — hierdie poging te laat slaag, hierdie ereskuld op 'n waardige wyse te vereffen. U kan daarmee help deur nog vandag u bydrae te pos aan

Van Riebeeckhuis, Culemborg:<br>
Restourasiefonds,<br>
Posbus 48,<br>
Lynneast, Pretoria<br>
of<br>
p/a. Stigting Simon van der Stel,<br>
Posbus 1743,<br>
Pretoria."